

10 JANUARIE

**SKRIFGEDEELTE: HEBREËRS 2:5-18
FOKUSGEDEELTE: HEBREËRS 2:11**

Met heerlijkheid gekroon

In Genesis 1 en 2 kyk die Here na sy skepping en alles is goed, perfek en sonder enige defek of gebrek. Net 'n paar verse verder roep die Here egter na die mens – alles het verander. Wat God goed en volmaak gemaak het, is deur die sonde verwoes. Die mens, geskape na die beeld van God en eens die kroon van God se skepping, word vervloek en uit die Paradys verdryf. God se pragtige skepping met sy bome, vrugte en riviere word as woonplek gesluit. Die mens moet nou daarbuite bly in 'n wêreld van dorings en distels, van rampe en teenspoed, met die aroma van die dood wat oor alles heers.

In sy genade stuur die Here sy Seun. Vir 'n kort tydjie word Hy verneder tot minder as die engele “sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak” (vs. 9). Op grond van sy lyde word Hy gekroon as die Koning wat oor God se skepping heers. Hy onderwerp alles aan Hom. Deur Hom sal God se skepping weer herstel word en alles wat aanvanklik so mooi en pragtig was, weer in volle glorie herstel word. Die verleier, die duiwel, sal finaal in die poel van vuur gewerp word.

Die mens, eens beeldraer van God, word weer herstel. Sy sonde en vervloeking word weggeneem en in Christus word hy met God versoen. Ook die gevolge van sy sonde en opstand word weggeneem sodat hy met Christus kan leef en regeer.

Soli Deo Gloria!

Dr Marius Aucamp (Durban)